

Preekvoorligting Sondag 6 Oktober 2019

Skriflesing: Genesis 17: 1-7; 15-19; 21:1-5

Teksvers: Genesis 17: 7

Tema: Ons leef en ons kinders leef sodat God ons Verbondsgod kan wees.

Kinders – ’n gawe van God, ’n werklikheid wat deur Gen. 17 weer na vore gebring is. Wonderlik dat God ook die vreugde van ouerskap in mense se lewens bring.

1. God se handeling met Abraham en Sara

Abraham was 99 jaar oud en sy vrou Sara 89 – ver by die tyd van kinders hê verby toe die Here aan hulle meedeel dat hulle wel binnekort ’n kindjie sou hê. ’n Mededeling wat hulle albei verstom het, hulle selfs met ’n mate van ongeloof gevul het. Dit het dan ook gebeur: Gen. 21 verhaal dat Isak gebore is toe Abraham 100 jaar oud was en Sara 90 – God was voorwaar vir hulle goed. Is dit al wat hieroor gesê kan word – God was vir hulle goed? Goed daarin dat God aan hulle ook die vreugde van ouerskap gee en daarom is Isak vir hulle gebore? Dit gaan hier oor baie meer as net die vreugde van ouerskap.

2. God se doel in sy handeling met Abraham en Sara

God se woorde in Gen. 17: 7 aan Abraham: “*En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as ’n ewige verbond, om vir hulle ’n God te wees en vir jou nageslag na jou.*” Hiër die doel van God vir die gee van ’n kind aan Abraham en Sara. Dit gaan hier oor ’n verbond, ’n kontrak, ’n ooreenkoms wat God met Abraham sluit. God is die een wat die inisiatief neem en dan het Hy dit oor *die mensdom* en nie net maar Abraham en Sara nie, want in vers 7 staan duidelik “*Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte*”. Isak was ’n kind van die verbond en het dit nie in die eerste plek gegaan daarvoor dat God aan Abraham en Sara die vreugde van ouerskap wou gee nie.

3. God se seën in sy handeling met Abraham en Sara

God se verbond het die volgende behels: “*En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou om vir jou ’n God te wees en vir jou nageslag na jou*”. God sê by implikasie” “*Ek sal vir jou ’n God wees, maar nie net vir jou nie, maar ook vir jou nageslag*”. God gee dus ’n nageslag, want Hy wil vir dié nageslag ook ’n God wees. Hieruit is duidelik dat die seën van hierdie verbond nie net vir Abraham nie, maar ook vir sy kinders en hulle kinders en dié se kinders tot in ewigheid bedoel is. Wat is by uitstek hierdie seën vir die kinders van die verbond? Christus Jesus, die Een wat deur sy bloed die kinders van die verbond reinig van al hulle sonde sodat hulle die ewige lewe kan beërwe.

4. Die verpligting vanweë God se handeling met Abraham en Sara

Vers 9 openbaar die verpligting wat God se handeling met Abraham en Sara en daarom dan met die mensdom meebring: “*Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag na jou, van geslag tot geslag*”. Hulle wat deur God se werking deel is van Sy verbond, hulle moet die verbond hou deur te lewe volgens God se wil, te doen wat God van hulle eis. Dit gaan daarvoor om as ’n verbondskind ’n verbondsewe voor en vir die Verbondsgod te lei. ’n Lewe verwerklik deur die lus en begeerte, gewerk deur die HG, om uit dankbaarheid volgens al die eise, of ook genoem gebooie, van God te lewe.

Slotopmerking

Kinders is wel ’n gawe van God, maar dan gaan dit daarvoor dat God sy verbond daardeur verwerklik deurdat Hy God kan wees vir hulle wat Hy tot sy volk uitgekies het.

Voorwaar, ons leef en ons kinders leef sodat God ons Verbondsgod kan wees.